menlo-insig

18/2023

## LIEWE MENLO

Suid-Afrikaners het dit in 1995 beleef, daarna weer in 2007 én in 2019 – daardie spesiale oomblik wanneer die kranse wel antwoord gee en jou span in perfekte harmonie saamwerk om verwagtinge te oortref.

Op Menlo-bodem was die maatslae van sukses in die afgelope ses dekades meer reëlmatig. Tog moet die broosheid daarvan waardeer en gekoester word. Sukses is dikwels vlietend. Altyd verganklik.

Sukses is 'n fenomeen wat hom nie sommer laat vaspen nie. Wat is dit nou eintlik? Is dit oorwinning? 'n Goue medalje die enigste maatstaf? Is sukses slegs 'n uitkoms of skuil dit ook in probeerslae?

Op Menlo-bodem was daar verlede week geen tekort aan geleenthede nie. Nagenoeg twee dosyn Menlo-debatteerders, waaronder talle groentjies, het hulle argumente teen opponente getoets. Die A-netbalspanne én die tweedes het hulle krag in Potchefstroom gemeet. Ons skaakspelers het hulle vernuf by Tshwane-Suid se uitspele getoon. Die muurbal- en tennisspelers het sukses buite die grense van die baan gevind, terwyl die gholfspelers vir die eerste keer sedert die skool se bestaan aan die SA Toernooi deelgeneem het.

Die taak om die skool op die nasionale verhoog te verteenwoordig, het egter op die koor se skouers gerus. Die verganklikheid van oorwinning juis vir húlle 'n werklikheid, want om die trofee te herower, moes dit eers teruggegee word.

Tjoepstil is daar stelling op die verhoog ingeneem en meteens is die bevel gegee. Die spanning word met 'n enkele Alleluia verbreek en ons weet:

*Hierdie* is 'n spesiale oomblik.



# DAGBOEK

**4/8** Menlo-skryfklub (A1, 13:30 – 16:00)

**5/8** Rugby: Monument (Tuis) & Revue: Gala-aand (Saal, 19:00)

**7/8** Drama: Ermelo Toneelfees tot 12/8
Verrykingsakademie (Ouditorium, 17:00 – 18:00)

**8/8** Landloop: Liga (PBHS)
Akademie: Franse-aand (Saal, 16:00 – 20:30).

**9/8** **Vrouedag**
Hokkie: Topskoletoernooi tot 12/8
Tennis o. 15-toernooi (AHS) tot 12/8

**10/8** Akademie: Gr. 9-vakkeuse-inligtingsaand




## MENLO MA'S WAT OMGEE

*Die gebedsbyeenkoms vind op Donderdae tussen 07:30 en 08:30 in die koshuis se sitkamer plaas. Kontak gerus 082 579 4968 indien u saam wil bid.*

**Teks: Eksodus 15:13**

"Hierdie volk wat U gered het, lei U met liefde. U sal hulle lei met u krag na die plek waar u Naam heers."






# DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

SEDERT 1963



# VAKATURE: SKOOLHOOF TS83ED1004

**Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024**

**Die Hoërskool Menlopark is sinoniem met uitnemendheid. Hierdie Afrikaansmediumskool nooi aspirantkandidate om aansoek vir die bogenoemde vakature te doen.**

## Verantwoordelikhede

- Navigeer die strategiese rigting van die skool.
- Implementeer verandering.
- Hou verhoudings met die media in stand deur betrokkenheid by openbare betrekkinge.
- Gereelde oorlegpleging met belanghebbendes: personeel, leerders en ouers.
- Skepping van ŉ organisatoriese kultuur waar personeel kan floreer.
- Verslagdoening aan die beheerliggaam en ander belanghebbende partye.
- Bywoning van skoolfunksies.

## Eienskappe

Die geskikte kandidaat:

- Beskik oor die vermoë om kritiese, strategiese en innoverende denke tot voordeel van die skool aan te wend.
- Hou menseverhoudinge deur duidelike kommunikasie, regverdige optrede en deernisvolle interaksie in stand.
- Is vir personeel, leerders en ouers toeganklik.
- Is ŉ visionêre denker en ŉ transformasieleier.
- Is lojaal teenoor die skool, leerders, ouers en personeel.
- Bevraagteken die status quo en is fyn ingestel op die verbetering van prosesse.
- Vestig die skool as ŉ instansie wat met voortreflikheid geassosieer word.

## Ervaring en kennis

Die geskikte kandidaat:

- Beskik oor ervaring as ŉ bestuurder van menslike en finansiële hulpbronne.
- Verstaan die werking van ŉ onderriginstansie soos Die Hoërskool Menlopark.
- Beskik oor redelike kennis van die Grondwet, die Suid-Afrikaanse Skolewet en ander toepaslike wetgewing en regulasies soos in Gauteng van toepassing.
- Is by die South African Council for Educators (SACE) geregistreer.
- Beskik oor ŉ graad en onderwyskwalifikasie.

**SLUITINGSDATUM UITGESTEL NA 11 AUGUSTUS**

## Aansoekproses

Voltooi die aansoek op die GDE2R-vorm.
Handig die aansoek by die volgende adres in:
President Towers Gebou, Pretoriusstraat nr. 265, Pretoria.

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE**
**11 Augustus 2023 om 16:00**
**Navrae: beheerliggaam@menlopark.co.za**










# KOOR




## Applous vir die beste koor in SA

Op die oog af lyk die woorde: "O Springbokkindertjie, slaap vir my" taamlik eenvoudig, maar meng jy dié woorde met die musikale talent van Franco Prinsloo (komponis) en die Menlo-koor is die resultaat verstommend. Wanneer die eerste note val, word dié eenvoudige woorde 'n slaaptydstorie wat die intieme oomblik, wanneer 'n ma haar baba neerlê, vasvang.

Dieselfde gebeur wanneer die koor met húlle weergawe van Nkosi Sikelel' iAfrika wegtrek. Eers pleit Afrika by God om haar gebed tydens swaarkry aan te hoor, maar die gewyde atmosfeer neem later 'n wending met die woorde: "Noma sekunzima" waar daar uit volle bors om krag gesmeek word.

Die koor se repertoire neem jou op 'n musikale reis deur tyd en emosie. Hulle kleur die ruimte met *allegros* en *pianos* in en dit is juis hierdie verrassings wat die gehoor na hulle asem laat snak.

Toegegee. Die Insig is nie 'n objektiewe óf gekwalifiseerde koorbeoordelaar nie en is daarom versigtig vir kommentaar. Een ding staan egter vas: Daar is nie 'n enkele hart wat tydens die finaal van die ATKV-Applouskompetisie vir prestige kore deur Menlo se sang onaangeraak gelaat is nie – hiermee stem selfs die mees gesoute beoordelaar saam.

Die ATKV-Apploustrofee is tuis waar dit hoort: Op Menlo-bodem. Hartlik geluk aan me. Jeanmari van Papendorp, mnr. Lourens de Jager en elke koorlid met 'n uitsonderlike prestasie. #Respek

'n Spesiale woord van dank word aan die koorouers gerig vir hulle aandeel aan die koor se sukses. Die skool waardeer die laataand rondry en ondersteuning.

Uitslae: ATKV-Applous (Prestige afdeling vir gemengde kore)

1. Die Hoërskool Menlopark (ontvang ook 'n spesiale toekenning vir die beste uitvoering van 'n Afrika-werk)
2. Hoërskool Durbanville
3. DF Malan Akademie



# DEBAT

## Parkies debatteer…

… *Con Spirito*, want hulle ken geen ander manier nie.

Dertien Menlo-debatspanne het verlede week met geesdrif en entoesiasme aan die gelyknamige debatskompetisie deelgeneem en nie minder nie as agt Menlo-spanne het hulle opponente met logika en helder denke geflous. Die onderwerpe wat vanjaar onder skoot is, is die kwessie of skolesport oordryf word (juniors) en of universiteitsopleiding die beste opsie vir naskoolse opleiding is (seniors).

'n Debat is nie 'n losgemaal nie, maar 'n patroon van argumente wat versigtig aanmekaar geweef is om die niksvermoedende opponente stap vir stap te troef. Ofskoon die beginsels van goeie debatvoering dieselfde bly, verander die formaat van die debat van die een kompetisie na die volgende. 'n Interessante kinkel in die Con Spirito-kabel is dat 'n span hulle opponente, met die lui van 'n klokkie, enige tyd in die rede kan val om 'n vraag te stel.

Die name van leerders wat hulle debatte gewen het, verskyn hier onder. Hierdie prestasie kwalifiseer Menlo se debatspanne sonder twyfel om, as reserwes, stelling op die *reg*bank in te neem, want Menlo-debatteerders is gewoonlik reg. In die lig hiervan rig die Insig 'n uitnodiging aan die omgewing se regsgeleerdes om van hierdie aanbod gebruik te maak indien omstandighede dreig om 'n hofverskyning in die wiele te ry.

Baie geluk aan die leerders en hulle afrigters, asook me. Tanya Matthysen (organiseerder) en me. Charlotte Buitendag (hoofafrigter) met 'n puik prestasie.

**Wenners: eerste ronde**

**Juniors:** Christopher Niemann en Katelynn Blokpoel.

**Die volgende spanne wen hulle debatte in die eerste ronde en dring na die semifinale ronde deur:**

**Juniors:** Mikyla Zastrau en Leandri Botha, Zané Smit en Kristen Smit, Kaitlin Meyer en Nina Dicks & Erik Senekal en Le Roux van Wyk.

**Seniors:** David Kunzmann en Andries Beyers, Lize Booysen en Rudolph Jordaan & Ilme Taljaard en Altus Malan.




# KULTUUR

## Junior koor behaal hoogste eer

Daar is net een woord om dié koor se vordering te beskryf en dit is: "Saltus!" Die Junior Koor, o.l.v. mnr. Lourens de Jager, staan in haar kinderskoene. Die stigterslede het verlede jaar 'n uitstekende grondslag gelê en die koor bou vanjaar hierop voort. So beïndruk was die beoordelaars van die AKV-kunstefees met die Junior Koor dat hulle met 'n A++ (90%) beloon is. Bravo!



# AKADEMIE

## SOS-Wiskundeklasse



Dit is nie altyd maklik om sin van somme te maak nie. Par-kies hoef egter nie bekommerd te wees nie, want Menlo-wiskunde volg die "no man left behind"-motto en sal hulle uiterste bes doen om te verseker dat elke Menloparker sin in syfers vind. Menlo-wiskunde begin eerskomende Saterdag, 5 Augustus, met 'n splinternuwe inisiatief om die sin van sommemaak opnuut te ontdek.

Daar sal voortaan, op Saterdae, van 10:00 tot 11:00, wiskun-deklasse vir die graadagts aangebied word. Bywoning van hierdie klasse is **gratis** en indien daar graad 9-leerders is wat voel dat hulle somme nie meer sin maak nie, is hulle óók welkom om die klasse by te woon.

Die besonderhede van die klasse is soos volg:

**SOS-wiskundeklasse**

| | |
|---|---|
| Wanneer? | Elke Saterdag; 10:00 tot 11:00 (2 September = Menlofees = GEEN SOS-wisk. nie). |
| Waar? | Menlo-ouditorium. |
| Wie? | Die klasse handel oor graad 8-werk, maar graad 9's is ook welkom. |
| Wie bied die klasse aan? | Klasse word deur Menlo se wiskunde-onderwysers aangebied. |

# RUGBY

## Menlo-rugbyrapport toon verbetering

Menlo se streeptruie is vasbeslote om 2023 op 'n hoogtepunt af te sluit. Die manne in blou het die afgelope na-week puik rugby teen Hoërskool Marais Viljoen gespeel en die spanne het gewys dat daar 'n roering in Menlo-rugby is.

Die o. 14's en o. 15's het die opponente behoorlik op die neus laat kyk en te oordeel aan hulle puik vertonings is Menlo-rugby se toekoms in veilige hande.

Baie geluk aan mnr. Dirk Odendaal en die afrigters met die spanne se goeie vertonings.

**Die tellings teen Marais Viljoen is soos volg (Menlo se telling is telkens eerste)**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerstes | 15-48 | Tweedes | 18-12 | Derdes | 12-3 | | |
| o. 16A | 21-15 | o. 16B | 3-17 | o. 15A | 34-0 | o. 15B | 58-0 |
| o. 14A | 31-7 | o. 14B | 50-0 | o. 14C | 17-0 | | |







# NETBAL









## Menlo-netbalgolf op kruin

Daar is geen twyfel nie dat Menlo met die talentvolste dogters spog, maar na afloop van die Irene Seymore-toernooi in Potchefstroom is dit amptelik: Menlo se vlugvoetige netbalspelers kan kophou én hulle weet hoe om die opponente te troef. Dit gebeur gewoonlik dat slegs A-spanne na die toernooi genooi word, maar Menlo se tweedes het vanjaar 'n uitnodiging ontvang en uitstekend gevaar – dit boonop teen ander skole se eerstes.

Menlo-netbal het hulleself vanjaar weereens as een van die land se voorste netbalkragte onderskei. Die skool se reeds indrukwekkende netbal-CV is egter nog nie klaar geskryf nie, want die o. 15's, o. 16's en o. 17's se SA toernooie lê nog voor.

'n Mens hoef nie baie van netbal te weet om raak te sien dat die onderstaande uitslae absoluut fenomenaal is nie. Baie geluk aan die spanne en afrigterskorps met 'n puik prestasie in Potchefstroom.

### Uitslae: Irene Seymore-toernooi

o. 19 Eerste — o. 17 Tweede — o.16 Derde
o. 15 Vyfde — o. 14 Sesde

### Spesiale toekennings

Irene Seymore-trofee: o. 19-wenners

Trofee: Beste Afrigters — Trofee: Beste Netbalskool

# SKAAK

## Menlo maak vuurwarm skuiwe in bibberweer

Die Insig is nie seker of die verskynsel genaamd, *brain freeze*, werklik bestaan nie. Waar hierdie woord in die woordeboek behoort te verskyn, is daar slegs 'n vakuum. Daar word wel van breinvlies en breinfloute melding gemaak. Hoe dit ook al sy – dit wil voorkom asof *brain freeze* deur ysige temperature veroorsaak word.

Dit is 'n verligting om te verneem dat Menlo se o. 17- en o. 19-skaakbreine nie tydens die naweek se bibberweer gevries het nie en steeds vuurwarm skuiwe by Tshwane-Suid se uitspele kon maak. Hartlik geluk aan die o. 19-span, me. Marcelle de Waal (organiseerder) en mnr. Anton Goosen (afrigter), met 'n puik tweede plek. Die volgende bestemming vir hierdie span is die provinsiale skolekompetisie. Knap gedaan!





## TENNIS MUURBAL

# Muurbal vs. Tennis: Padel slaan kishou



Die punt op die grafiek waar Tennis en Muurbal kruis, word *Padel* genoem, 'n sportgier wat deur die Internet as epies en opwindend beskryf word. Wêreldwyd word padel deur bykans agtien miljoen mense beoefen en die sport het vandeesweek ook op Menlo-bodem posgevat.

Die wedstryd tussen Menlo se muurbal- en tennisspelers het onder streng geheimhouding plaasgevind, want hoe kan een Menlo-sport deur 'n ander geklop word?

Die spelers het egter die Insig se joernalistieke vernuf onderskat en die nuus het tog by die nuuskantoor uitgekom. Ten spyte van allerlei tegnieke (intimidasie is selfs oorweeg), kon die nuuskantoor ongelukkig nie daarin slaag om uit te vind wie Menlo se padelwenners was nie. Verdere ondersoek duur voort en die berig sal bygewerk word sodra nuwe inligting aan die lig kom...

## GHOLF




### Menlo beleef droomjaar op gholfbaan

Die room van Suid-Afrika se skolegholftalent het vandeesweek op Alberton toegesak om te bepaal watter skool die beste spelers huisves. Menlo se vaandel is deur Juan Human, Jean le Roux, Sebastian Greenan en Siebert Wiid gedra - 'n viertal wat Menlo-geskiedenis by die nasionale kampioenskap gemaak het. Na twee dae – gevul met uitstekende spel en ses en dertig gate – eindig Menlo in die twaalfde plek; 'n uitstekende prestasie!

Hartlik geluk aan die spelers asook hulle afrigter, mnr. Nico van Eeden.

Menlo se gholftoekoms is **rooskleurig**!

## PERDRY



### *Howdy*, Menlo-ruiter!

Page Cronje is 'n uitblinker in die saal. Hierdie bedrewe ruiter en haar perd, Lang-Carel Utrecht, het twee eerste plekke én twee tweede plekke by die SA Western Mounted Games wat onlangs in Limpopo plaasgevind het, behaal. Daarby is sy as die algehele kampioen vir SAWMGA se Vlak 3-graded afdeling aangewys.

Hierdie prestasie besorg aan Paige 'n plek in die Tshwane-span waar sy op 13 Augustus aan die Streekskampioenskap sal deelneem.

Welgedaan, Paige!

# SPOG



## Parkie met wip in sy stap

Baie geluk, Gideon Fourie! Hierdie veerkragtige graad 9-leerder het homself tot in die nasionale span wat in November aan die World Age Group Trampolienkompetisie in Engeland gaan deelneem, gewip. Die skool wens vir Gideon sterkte met sy voorbereiding toe en sien saam met hom na hierdie opwindende geleentheid uit.
#MenloAmbassadeur

# ALUMNI

MENLOBOND *Menlo vir altyd!*





## Sportsukses vir oudleerders


Dit is 'n riem onder die hart om oor die sukses van oud-Menloparkers te berig. Vandeesweek is goeie nuus uit alle oorde ontvang en ons deel dit graag met die Menlo-familie.


### Oud-Menloparkers in nasionale o. 19-netbaloefengroep


Alix Horn, Anja van den Heever & Luca Keun (2022).

### Oud-Menloparkers neem deel aan Wêreld Studentespele (Sjina)

Marli Viljoen (2018; atletiek), Charné Swart (2020; atletiek), Andrew Ross (2019; swem), Wian Roux (2020; boogskiet), Lizanne Viljoen (2017; swem), Tayla Jonker (2022; swem) & Catherine van Rensburg (2022; swem).












DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 – 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 14:00 – 15:00
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae
√ π


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# MARKPLEIN




NGUNI MOON VLEISVERWERKING
Ek praat vlot SOSATIE
Beessosaties
Hoendersosaties
Boerewors
Gerookte
cheese grillers
Rumpsteak
Rumptail steak
EN BAIE MEER!!
Kontak Piet!
PIET
JANSE VAN RENSBURG
082 948 2839
ngunimoon2019@gmail.com
@ngunimoon
144 Caribaea Str, Lynnwoodrif




LUX MUNDI
Basaar!
5 Aug
9:00-15:00
685 Florisstr, Garsfontein
Koffie
Tuisgebak
Koeldrank
Pannekoek
Kinderspele
Potjiekos
Vetkoek
Kerrie & Rys
Wit Olifant
Droëwors
Poeding
Wildsvleis
Handewerk
Lekkergoed
Biltong
Sien jou daar!




STUDENTE AANBOD
Ouderdomme 13-23
R999
insluitend 'n oogtoets, raam en die nuutste
blou blokkende lense
specsavers
VIR BEKOSTIGBARE OOGSORG
HILLCREST | 012 362 3144
Bepalings & Voorwaardes geld.

R350 PP
INCL LIGHT REFRESHMENT
BRING A FRIEND AND RECEIVE A DISCOUNT
COLAB HEALTH
PRESENTS:
WHY DO I HAVE A CONSTANT
HEADACHE?
Come join us for an educational evening about all things related to headaches
Speakers:
Dr Mori Boshomane (General practitioner)
Danielle de Pinho (Biokineticist)
Charl de Kock (Physiotherapist)
Reatha Badenhorst (Dietitian)
DAY
17 AUG
TIME
18:30
Sunwood Park, Unit 5B
379 Queens Crescent,
Lynnwood
Limited seats. Book before 4 Aug at
0662727488 or reception@colabhealth.co.za










# Onthou!

## Menlo is kontantloos.

Swaai gerus u kaart wanneer u die skool besoek.